UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
12 OCT 1962
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

I.M.S.
Vol. 1 No. 34

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Kantoor van die Burgemeester,
STELLENBOSCH.
24 Augustus 1962.

## OUD-STELLENBOSCH

Alreeds by vorige geleenthede is die oortuiging deur my uitgespreek dat ons hele samelewing die waarde van ons geskiedkundige geboue en die unieke karakter van die aanleg van oud-Stellenbosch waardeer.

Wat die ou geboue betref, het ons uitgevind dat hulle, in baie gevalle, nog vir jare 'n nuttige doel kan dien.

Die jongste gebeurtenis in hierdie verblydende ontwikkeling is die aankoop van die eiendom op die hoek van Drosdy- en Dorpstraat, net oorkant die pas herstelde Utopia, soos ek verneem, deur een van ons raadslede, mnr. G. C. Osler. Mnr. Osler wil glo self daar gaan woon. So het Stellenbosch die versekering dat 'n verdere hoeksteen gelê is vir die behoud van wat veral Dorpstraat en Drosdystraat so aantreklik maak.

Dit is heeltemal duidelik wat dit vir Drosdystraat sal beteken nadat Grosvenorhuis en Utopia ook bewaar is vir die nageslagte. Dit sal in 'n mate vergoed vir die teenspoed wat ondervind is in verband met die pogings om ook die ou Uitspan te bewaar.

Persoonlik sien ek met groot belangstelling uit na die oplossing van die probleem waarvoor die nuwe eienaar geplaas sal wees, as hy ook in hierdie geval 'n ou gebou, waaraan alle Stellenbossers (en ook mense buite Stellenbosch) baie geheg is, aanpas by nuwe vereistes en daardeur waarborg dat die gebou nog baie lank kan bly voortbestaan.

## 'N WAARSKUWING

Onlangs is 'n aantal werkgewers en hulle Bantoe-werknemers nogal swaar beboet omdat hulle (die werkgewers) die Bantoes aangestel het en die Bantoes die werk aanvaar het

sonder om aan die vereistes van die betrokke wette en regulasies te voldoen.

Die Stadsraad betreur dit dat, moontlik as gevolg van onkunde, sulke dinge gebeur; en om dié rede verstrek ek die volgende inligting:

**Indiensneming en registrasie van Bantoes: Wetsbepalings**

Die indiensneming van Bantoes in die Munisipale gebied word gereël deur 'n aantal ingewikkelde wetsvereistes waaraan die werkgewer en Bantoe-arbeider moet voldoen, en dit is die plig van die werkgewer en ook in sy belang, om homself daarmee vertroud te maak.

Versuim aan u kant kan baie ergernis en ongerief meebring en ook vir die Bantoe-arbeider.

Die bepalings is kortliks soos volg:

(a) Werkgewers van Bantoes in die munisipale gebied moet ingevolge die Naturelle-arbeidsburoregulasies, vakatures wat in hul diens mag ontstaan, binne 3 dae by die plaaslike arbeidsburo, Kaya Mandi-lokasie, aanmeld. Indien Bantoe-arbeiders beskikbaar is, sal hulle na daardie werkgewers verwys word.

Werkgewers word egter versoek om die grootste moontlike gebruik te maak van Kleurlingarbeid en in die opsig die Staat se beleid in Wes-Kaapland deur te voer.

(b) Dit is 'n misdryf om enige Bantoe, hetsy manlik of vroulik, in diens te neem, tensy afdeling „A" van die Bantoe se bewysboek deur die Munisipale Arbeidsburo geëndosseer is ten effekte dat die betrokke Bantoe werk mag soek of diens mag aanvaar binne die Munisipale gebied van Stellenbosch.

(c) Indien toestemming aan 'n Bantoe verleen is om werk te soek, sal die Bantoe ook in besit wees van 'n dokument (aanhangsel „M") waarop die gevraagde besonderhede van die dienskontrak wat die Werkgewer met die Bantoe aangaan, aangebring moet word.

Laasgenoemde dokument moet binne 3 dae na indiensneming, tesame met die voorgeskrewe registrasiegelde na die Bantoe-administrasiekantoor, Posbus 17, Stellenbosch gestuur word.

(d) Besondere aandag behoort geskenk te word aan datums aangebring op dokumente en endossemente, ten einde te verseker dat die betrokke Bantoe in besit is van 'n geldige permit.

(e) Die werkgewer wat 'n Bantoe in diens neem, moet sy naam en adres, asook die datum van indiensneming, in ink, in afdeling „B", van die bewysboek aanbring en voor die 7de dag van elke maand van die dienstermyn die bewysboek teken as bewys dat die werker nog in sy diens is. Werkgewers mag nie ongeoorloofde aanmerkings in bewysboeke aanbring nie.

(f) Besonderhede van voorgeskrewe gelde betaalbaar t.o.v. indiensneming en registrasie, verskyn op aanhangsel „M", wat die Bantoe aan die werkgewer moet oorhandig by indiensneming. Arbeidsburogeld van 25 sent moet by registrasie betaal word, en verder moet daar ook 'n maandelikse registrasiegeld van 20 sent betaal word.

(g) Werkgewers mag nie tydelike of los dagloners in diens neem nie, tensy die betrokke Bantoe toestemming verleen is om in die gebied werk te soek. Dit word aanbeveel om die Munisipale Arbeidsburo te raadpleeg in gevalle van onsekerheid.

(h) Werkgewers wat ongemagtigde Bantoes in diens neem, stel hulself asook die Bantoes bloot aan vervolging, wat by 'n eerste veroordeling strafbaar is met 'n boete van hoogstens R20 en by 'n tweede veroordeling met 'n boete van hoogstens R50. Hierbenewens kan 'n werkgewer deur die Hof verplig word om die koste van repatriasie van so 'n Bantoe te dra.

**Huisvesting van Bantoes op private persele**

Ingevolge die Wet moet alle Bantoes in 'n stadsgebied binne die grense van 'n lokasie woon. 'n Eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarop Bantoes woon, moet skriftelik aansoek doen om 'n lisensie om Bantoes op sy perseel te huisves. Ongemagtigde okkupasie van 'n perseel deur Bantoes is 'n misdryf en strafbaar met 'n boete van hoogstens R200.

Ek vertrou dat die bovermelde inligting die werkgewers van Bantoes sal help in verband met sommige praktiese moeilikhede wat opduik.

'n Spesiale versoek word aan werkgewers gerig om saam te werk ten einde te verseker dat die Munisipale Arbeidsburo behoorlik funksioneer.

Indien werkgewers enige verdere besonderhede verlang, word hulle vriendelik versoek om met die Bestuurder, Bantoeadministrasie, Telefoon 430, Stellenbosch, in verbinding te tree.

---

31st August, 1962.

**PROCLAMATION OF GROUP AREAS**

Quite unexpectedly the demarcations of the areas for the two race groups in Stellenbosch were proclaimed in the Government Gazette of the 24th instant, after the Group Areas Board had completed its investigations in 1956. Gene-

rally I may say that the areas demarcated conform to the proposals of the Town Council made at the time, except that a wide gap was created by the withdrawal of sections of the farms Nietvoorby and Helderfontein which had been purchased by the Government. The implications of the reduction of the area will be discussed with the Group Areas Board, but at this stage nothing further can be said.

## HEALTH MATTERS

It has caused me some concern to learn from the Health Department that the response to the reminder to the public that arrangements have been made for immunisation against poliomyelitis has been somewhat disappointing.

In the case of poliomyelitis there are 3 courses which should be taken at intervals of 6 weeks and unless a beginning is made quite soon, the opportunity to complete all 3 courses by December will have been lost.

The thought of being in the struggle to prevent disease is one which inspires the Health Staff with the greatest enthusiasm. I gather that it is unwise to ignore immunisation, particularly in circumstances where some people are immunised and others not.

There is close contact between local health departments and senior officials of the Government Health Department and I have been told that they would like to see the children been giving four types of immunisation simultaneously, namely immunisation against poliomyelitis and the combined vaccine against tetanus, diptheria and whooping cough.

I have also been asked by the Health Department to make known that complaints are being received about the fly nuisance and that one precaution in particular should be taken, namely, to see to it that no manure is used in gardens which is not perfectly matured. Really matured manure presents no danger and does not attract flies, nor will they breed in it. Fresh manure, however, is a source of danger and it does not help at all to bury it or dig it in as the flies have an incredible ability to burrow through even deep soil and reach the surface.

---

7 September 1962.

## DIE NUWE BURGEMEESTERLIKE JAAR

Die Kaapse Munisipale Ordonnansie bepaal dat op die eerste vergadering van 'n Stadsraad in September in 'n jaar

waar geen algemene verkiesing plaasvind nie, die Burgemeester en Onderburgemeester gekies moet word.

Op 4 September het die Stadsraad vir my en raadslid W. C. Dempsey die eer aangedoen om ons vir die nuwe burgemeesterlike jaar 1962/1963 as Burgemeester en Onderburgemeester onderskeidelik te herkies.

Wat my betref, en ek is oortuig die Onderburgemeester voel net soos ek, aanvaar ek die nuwe ampstermyn met vasberadenheid om alles in my vermoë te doen om die belange van ons dorp te bevorder en om 'n goeie gesindheid onder alle groepe van ons samelewing te verstewig.

Ek nooi almal wat iets op die hart dra om nie te huiwer om sake onder ons aandag te bring of te kom bespreek nie. Niks sal my groter plesier verskaf as om te help waar ek kan.

By die begin van die burgemeesterlike jaar word ook die organisasie en verdeling van die werk vir uiteindelike voorlegging aan, en beslissing deur die volle Raad bepaal.

Die volgende gee dit kortliks weer soos dit ook op 4 September aangeneem is:

## VOORSITTERSKAPPE

Personeelaangeleenthede: Die Burgemeester, bygestaan deur Raadslede W. C. Dempsey, prof. E. Theron, prof. J. C. de Wet en C. F. D. Smit.

Lande, Parke en Bosbou: Raadslid W. C. Dempsey.

Finansies, Elektrisiteit en Algemeen: Raadslid prof. J. C. de Wet.

Publieke Werke: Raadslid C. F. D. Smit.

Behuising: Raadslid prof. E. Theron.

Gesondheid: Raadslid prof. F. Smuts.

Sportsake: Raadslid G. C. Osler.

Museums: Raadslid G. C. Osler, bygestaan deur prof. E. Theron, prof. F. Smuts, Raadslede E. Swart en S. W. J. Liebenberg.

Stadsbeplanning: Raadslid S. W. J. Liebenberg.

Verkeer: Raadslid A. B. de Villiers.

Stadhuis: Raadslid T. N. Pauw, bygestaan deur die Burgemeester, Onderburgemeester en Raadslid C. F. D. Smit.

Bantoe-administrasie: Raadslid C. M. Booysen.

Bouplanne: Raadslid E. Swart (Voorsitter), bygestaan deur die Burgemeester, Onderburgemeester, Raadslede C. M. Booysen, C. L. de Jongh, C. F. D. Smit en A. B. de Villiers.

## VERTEENWOORDIGERS OP OPENBARE LIGGAME

Hospitaalraad: Raadslid C. L. de Jongh.

Universiteitsraad: Raadslid S. W. J. Liebenberg.

Skoolraad: Raadslid T. N. Pauw.

Biblioteekkomitee: Raadslede prof. E. Theron en prof. F. Smuts.

Tegniese Kollege: Raadslid C. L. de Jongh (prof. F. Smuts secundus).

S.A.N.T.A.-Uitvoerende komitee: Raadslid E. S. Swart.

Gemeenskaplike Stadsbeplanningkomitee: Raadslid G. C. Osler.

Bantoesake-Adviesraad: Raadslid C. M. Booysen.

Komitee vir Bantoe-administrasie (Wes-Kaapland): Raadslid C. F. D. Smit.

Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds: Raadslid C. L. de Jongh.

Raad van Beheer oor Kleurlingsport: Raadslid G. C. Osler.

Sport-skakelkomitee: Raadslid G. C. Osler.

Skattingshof (waarnemers): Raadslid T. N. Pauw (Raadslid C. F. D. Smit secundus).

Publisiteitsvereniging: Raadslede S. W. J. Liebenberg, C. L. de Jongh en A. B. de Villiers.

Utopia-Uitvoerende komitee: Raadslede E. Swart en C. M. Booysen.

Skakelkomitee vir Universiteitsake: Die Burgemeester en Raadslede C. F. D. Smit en G. C. Osler.

Sanatoriumkomitee: Raadslede C. L. de Jongh en C. M. Booysen (secundus: Raadslid T. N. Pauw).

Vereniging vir die Versorging van Verstandelik Vertraagdes: Raadslid E. S. Swart.

Grosvenorhuis Raad van Trustees: Die Burgemeester en Raadslid G. C. Osler.

---

14th September, 1962.

## AU REVOIR

The day on which this edition of the **Eikestadnuus** appears marks the beginning of my trip to Europe, particularly to West Germany, as the South African Representative of the International Community of Booksellers. I also plan to attend the

famous "Frankfurter Buchmesse." I imagine that on the plane on which I have booked my seat my thoughts will be divided between the regret which I invariably experience at leaving Stellenbosch and the anticipation of all the things to come which will include a study of municipal activities in their relation to our own — and, need I say, I look forward to rejoining Mrs. Liebenberg, who has already spent some time overseas.

Most important developments are taking place at Stellenbosch. Our town has to be adapted to all the growing needs and activities of our part of the country; at the same time one of our greatest assets, namely the unique character of Stellenbosch, has to be preserved at all costs. Not only have our road systems to be revised and have the implications of the proclamation of our Group Areas to be considered, but the normal growth of our population and the educational activities, particularly as far as the University is concerned, demand the greatest application to duty in a spirit of unselfishness and disciplined thinking. It must be our object to prepare for what I confidently trust will be the growing prosperity of a sound and healthy town blessed with the bounties of nature and with a great tradition of which we may be truly proud.

Nobody can gladly leave Stellenbosch at this time of the year, when, after a severe winter, spring is clothing the town in the beauty which the renewed vigour of that season brings with it. Already I look forward to my return early next year. It is my sincere wish and earnest hope that the months ahead may bring to Stellenbosch and all its people all that I so sincerely desire for them.

S. W. J. LIEBENBERG.

*Gedruk deur*
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Birdstraat, Stellenbosch